# APPÈLRAAD STUIT INSPEKSIETARIEWE VIR GRAAN EN OLIESADE

**'N KENNISGEWING** oor inspeksietariewe vir die graan- en oliesadebedryf wat Leaf Services verlede jaar in die *Staatskoerant* afgekondig het, is tersyde gestel deur 'n appèlraad van die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling.

Leaf Services is 'n gevolmagtigde instelling wat in 2016 deur die departement aangestel is om inspeksiedienste te doen ingevolge die Wet op Landbouprodukstandaarde (Wet 119 van 1990).

Die inspeksiedienste was uit die staanspoor omstrede, en talle belanghebbendes het reeds Leaf Services se aanstelling en die vasstelling van sy tariewe in die hof betwis. (Sien die KASSIE hiernaas.)

Ingevolge kennisgewing 382, wat op 25 Junie 2021 in die *Staatskoerant* afgekondig is, het Leaf Services bekend gemaak dat inspeksietariewe van R1,80/t vir onverwerkte graan en oliesade, en 2c per brood, vanaf 12 Julie 2021 sou geld.

Met die tersydestelling van dié kennisgewing sal die tariewe hersien moet word.

Vyf belanghebbendes in die graan- en oliesadewaardeketting het appèl aangeteken by die departementele appèlraad, wat in Augustus deur die direkteur-generaal aangewys is. Die raad het op 10 Desember sy beslissing bekend gemaak dat Leaf Services se besluit om op 12 Julie sy inspeksiedienste teen die voorgestelde tariewe in te stel, onwettig en prosedureel nie regverdig was nie.

Belanghebbendes kan nou tot einde Januarie kommentaar lewer op 'n nuwe voorgestelde standaard-bedryfsprosedure vir die inspeksies.

## APPELLANTE

Die vyf groepe wat appèl aangeteken het, was:

- Agbiz Grain het in sy eie kapasiteit sonder regsverteenwoordiging geappelleer. Agbiz Grain het sy elf lede wat by die hantering en opberging van meer as 67% van Suid-Afrika se graan en oliesade betrokke is, verteenwoordig.
- Die Meulenaarskamer, die Kamer van Bakwese, Graan SA, die vereniging van veevoervervaardigers, die Suid-Afrikaanse graan- en oliesade-handelsvereniging en die voedselmaatskappy Pepsico het 'n gesamentlike appèl met regsverteenwoordiging ingedien, soos die res van die appellante ook gedoen het.
- Die Suid-Afrikaanse raad op verbruikersgoedere.
- Die voedselmaatskappye Tiger Consumer Brands Limited en Premier FMCG het elk 'n appèl ingedien.



**DIE INSPEKSIETARIEWE** vir die graan- en oliesadebedryf gaan opnuut bespreek word nadat verskeie belanghebbendes in die bedryf daarteen kapsie gemaak en 'n appèlraad 'n kennisgewing daaroor tersyde gestel het. FOTO: TWK AGRI

## BEVINDINGS

Die appèlraad, wat op 17 Augustus aangestel is, het eenparig besluit om die kennisgewing tersyde te stel. Hy het bevind dat die prosedure wat Leaf Services gevolg het, onbillik en dienooreenkomstig onwettig was.

Leaf Services het nie voldoen aan die vereistes wat vir openbare konsultasie en kommentaar gestel word voordat die kennisgewing in die *Staatskoerant* afgekondig is nie.

Die raad het verder eenparig bevind dat die inspeksietariewe nie rasioneel verbind kan word met die bevoegdhede wat uitgeoefen en die pligte wat uitgevoer moet word nie.

## SELFREGULERING

In sy appèl teen die instel van die inspeksiedienste het Agbiz Grain aangevoer dat die sektore in die graanwaardeketting dit self suksesvol reguleer. Nie een van die sektore in die graanbedryf het die instelling van inspeksiedienste versoek nie. Daar is ook geen bewese klagtes ontvang wat die inspeksie van die belanghebbendes wat geraak word, regverdig nie.

In antwoord op 'n vraag van die appèlraad oor hoeveel voedselondernemings deur Leaf Services geïnspekteer sou moes word indien die aanvanklike frekwensie van inspeksie toegepas moes word, het Leaf Services aangedui daar is 3 300 sulke besighede. Gegrond op vier inspeksies

per jaar sou ongeveer 13 000 inspeksies per jaar uitgevoer moes word.

Agbiz Grain het verder aangevoer dat hoewel dit regtens geregverdig kan word om inspeksiedienste in te stel om aan die wetlike vereistes te voldoen, daar geen regverdiging is om 'n bykomende laag koste van R74 miljoen tot die voedselketting te voeg nie.

## VOORGESTELDE BENADERING

Agbiz Grain het verder daarop gewys dat hy aan Leaf Services voorgestel het 'n volume-gebaseerde benadering word gevolg deur 'n tarief by die eerste punt van verkoop te hef. Dit sou volgens Agbiz Grain die kostedoeltreffendste manier wees om tariewe te hef op 'n soortgelyke manier as waarop statutêre heffings ingevolge die Wet op Bemarking van Landbouprodukte (Wet 47 van 1996) op verskillende produkte opgelê en ingevorder word.

Ingevolge daardie wet word verskillende tariewe egter per gewig op verskillende produktipes opgelê, en nie 'n enkele R1,80/t oor die hele spektrum van produkte soos Leaf Services dit wou instel nie.

Volgens Agbiz Grain sou die oplegging van 'n eenvormige tarief vir alle graansoorte sekere produktipes benadeel en ander bevoordeel, en tot ongeregverdigde kruissubsidiëring lei. Daar moet ook gewaak word daarteen dat tariewe wat op onverwerkte graan van toepassing is, nie tariewe wat op produkte soos brood van toepassing is, subsidieer nie.

Agbiz Grain het kommer uitgespreek oor die potensiële reserwes wat in die hande van Leaf Services kon opbou en het voorstelle aan die hand gedoen hoe dit bestuur kan word.

Agbiz Grain het ook beswaar gemaak teen prosedurele kwessies en die wyse waarvolgens die tarief van R1,80/t bepaal is. Verder het Leaf Services volgens Agbiz Grain daarin misluk om 'n ooreenkoms met die sektore oor die aanvanklike frekwensie van inspeksies te bereik.

## AANBEVELING

Die regulasie waaronder die appèlprosedure plaasgevind het, R1260 van 27 September 2019, was volgens die appèlraad nie voldoende om prosedurele aangeleenthede vir die uitvoering van hierdie appèl te behartig nie.

Paragraaf 5(8) van die regulasie vereis dat die appèlraad binne 21 dae ná die appèl aangeteken is, 'n besluit moet neem. Geen voorsiening word gemaak vir die omstandigheid dat 'n appellant nie saamstem nie. Volgens die appèlraad is dit in appèlle van dié aard moeilik, indien nie onmoontlik nie, om die appèlverhoor te finaliseer en tot 'n besluit te kom binne die voorgeskrewe 21 dae ná die appèl aangeteken is, veral in die lig daarvan om al die betrokke partye 'n regverdige verhoor te gee.

In hierdie geval was die appellante en Leaf Services inskiklik daaroor om die tydperk te verleng. Die appèlraad het dus aanbeveel dat die direkteur-generaal verdere regulasies moet oorweeg wat voorsiening maak vir hierdie soort appèlaansoeke.

– MEDEWERKER/AGBIZ GRAIN

## HOWE BEVIND TELKENS TÉÉN INSPEKSIETARIEWE

- In Augustus 2021 het die appèlhof in 'n saak wat deur ZZ2-boerdery, die Tamatieprodusente-organisasie (TPO), die noordelike uiekomitee (NUK) en die varsprodukte-invoerdersvereniging gebring is, bevind die staat se gebruik van private gevolmagtigdes om inspeksiedienste namens hom uit te voer, is wel grondwetlik toelaatbaar en tariewe mag daarvoor gehef word. Die hof het bevind dat Prokon, wat inspeksies vir die varsproduktesektor moet doen, sy tariefstruktuur moet hersien.
- In Mei 2021 het die hooggeregshof in Pretoria Impumelelo Agri Business Solutions se tariewe tersyde gestel in 'n aansoek wat deur die Suid-Afrikaanse inmakersvereniging en die Suid-Afrikaanse vrugtesapvereniging gebring is, omdat die maatskappy in sy konsultasie oor tariewe "nie aan die minimum vereistes van billike administratiewe optrede voldoen (het) nie".
- In Februarie 2021 het dieselfde hof bevind dat Nejahmogul sy tariefstruktuur arbitrêr bepaal het, en dat die tariewe nie rasioneel verbind was tot die doelwit van die Wet op Landbouprodukstandaarde nie.

*– Nico van Burick en Carien Kruger*

## SÓ SÊ DIE WET

Ingevolge die Wet op Landbouprodukstandaarde (Wet 119 van 1990) het die minister van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling beheer oor die verkoop van landbouprodukte, en kan die verkoop van 'n voorgeskrewe produk verbied word in 'n aantal omstandighede:

(i) indien dit nie volgens die voorgeskrewe klas of graad verkoop word nie.

(ii) indien dit nie voldoen aan die voorgeskrewe standaarde rakende die gehalte, klas of graad nie.

(iii) indien dit nie voldoen aan voorgeskrewe vereistes wat betref verpakking, merk en etikettering nie.

(iv) indien dit 'n verbode stof bevat of nie 'n voorgeskrewe stof bevat nie.

(v) dit moet op die voorgeskrewe wyse of met die voorgeskrewe besonderhede verpak, gemerk en geëtiketteer word.

Die departement het nie self die kapasiteit om deur inspeksies te bepaal of die wet nagekom word nie en het gevolglik Leaf Services en 'n aantal ander maatskappye aangestel om dit in opdrag van die departement te doen: Prokon vir vars produkte, Nejahmogul vir melkprodukte, Agency for Food Safety vir diereprodukte, en Impumelelo Agribusiness Solutions vir verwerkte produkte (vrugtesappe en bevrore of ingemaakte groente en vrugte).